Werner Schubert
EYES & EARS OF THE KAROO
120 Bird Street • Beaufort West
Tel : 023 414 3519
Cell : 083 462 7308
eyeguy@beaufortwest.net
Carnarvon • Laingsburg • Prince Albert • Victoria West

Courier
Die Koerant vir die Nuweveld sedert 1869
The Newspaper for the Nuweveld since 1869

@ prickly pear
Summer special
Microneedling
Reduce those fine lines & wrinkles
Face & Neck R750
Face, Neck, Décolleté R850
Free skin supplement

Verspreidingsarea: Beaufort-Wes, Leeu-Gamka, Merweville, Murraysburg, Nelspoort, Prins Albert, Victoria-Wes,Laingsburg en Loxton

Prys - R6.00 - Price (BTW ing./VAT incl.) Geregistreer by die HPK as 'n Nuusblad - Registered at the GPO as a Newspaper ISSN 2075-5872 17 Junie 2022

# Thershia Prince nuwe burgemeester van Beaufort-Wes

Die eggenote van die soms omstrede Truman Prince is op Maandag 6 Junie 2022 as Beaufort-Wes se nuwe burgemeester ingehuldig.

Die Patriotic Alliance (PA) se Thershia dra nou die burgemeestersketting wat voorheen aan Truman behoort het, terwyl Truman deesdae eerder 'n hoendervoet-"talisman" vir beskerming dra.

Truman, wat die ANC vir die PA verlaat het, het voorheen die burgemeesterspos in die beleërde Beaufort-Wes Munisipaliteit by talle geleenthede beklee.

Thershia Prince vervang Gideon Pietersen, ook van die PA, wat op Dinsdag, 31 Mei 2022 bedank het.

Pietersen vul nou Thershia Prince se voormalige pos as onderburgemeester van die Sentraal Karoo Distriks-munisipaliteit.

Windy Plaatjies, sekretaris van die ANC Sentraal Karoo-streek, het bevestig dat Thershia die nuwe burgemeester van die kontantbeperkte munisipaliteit is.

Prince het gesê sy het in politiek begin belangstel terwyl sy as persoonlike assistent in die Beaufort-Wes Munisipaliteit se Ingenieurs-afdeling gewerk het. Later het sy meegevoer geraak met die dinamika van mag terwyl sy as haar man se assistent gewerk het toe hy by twee geleenthede as burgemeester gedien het.

"Dit is 'n feit dat wanneer jy by enige munisipaliteit werk, ongeag die politieke party in beheer, jy aan politiek verbind sal raak. Meer nog wanneer jy die persoonlike assistent van die uitvoerende burgemeester is, want jy lewer daagliks 'n diens aan die mense," het sy gesê.

"My liefde om die omstandighede van ons mense te verbeter was nog altyd daar, lank voor ek in die politiek beland het. En wanneer jy die PA van die burgemeester is, staan jy daagliks mense by met brood- en botterkwessies, en word jy 'n woordvoerder vir die mense."

"Ek en Truman het kontak gemaak deur ons wedersydse liefde vir mense. Alhoewel hy dalk streng oorkom, het hy eintlik 'n sagte hart."

"Ons het mekaar in 2003 ontmoet, en ons is nou al 20 jaar saam. Ons het twee dogters, een is nege, en die ander is 12 jaar oud. Ons het in 2019 getrou, maar in 2015 het ons verloof geraak."

"Ek is die introvert, hy is die prater. Ek is die een wat lank dink voor ek iets sê, terwyl hy ure lank met mense kan praat."

Hoewel Thershia nie praat oor hoekom sy en Truman die ANC verlaat het nie, het sy gesê hulle glo die PA se waardes is dieselfde as dit waarin sy en Truman glo.



**Volg die leier: Die Patriotic Alliance se Thershia Prince en party-leier, Gayton McKenzie. Foto: Verskaf**



**Thershia Prince, nuwe burgemeester van Beaufort-Wes**

STEEL & PIPES for AFRICA
YOUR ONE STOP STEEL, TUBING AND HARDWARE SHOP
Your One-Stop Steel Tubing & Hardware Shop
Binnestraat 21 | George Industria | Tel 044 875 9245
VERSKAFFERS VAN:
• ROUND, SQ & RECTANGULAR TUBING
• GALVANISED ROUND TUBE
• RE-INFORCING Y-BAR
• EXPANDED METAL
• STORMWATER GRATINGS
• WALKWAY GRIDS
• INDUSTRIAL HANDRAILING
• HOT ROLLED CHANNEL & LIP CHANNEL
• CONVEYANCE TUBES
• FLAT, ROUND & SQ BAR
• ANGLE IRON
• HOT ROLLED SHEET & PLATE
• GALVANISED SHEETING
• VASTRAP
• SHAFTING & HOLLOW BAR
• PALISADE FENCING
• GATE AUTOMATION
• HARDWARE
• PAINT
• ROOFING PRODUCTS
• POWER TOOLS
• INTERCOMS
• LOCKS & SECURITY SYSTEMS
• ORNAMENTALS
• EN VELE MEER!!
Skakel ons gerus!
GRATIS AFLEWERING MAANDAE EN WOENSDAE

ALLES VARS
SAVERITE
Nuwestraat 120 Beaufort-Wes
SPECIALS!
Tel. 023 414 3481 082 576 1875
Ons voeg baie waarde toe deur u te help om die regte pryse vir u vars voedselprodukte te betaal!

| | | |
|---|---|---|
| Bokomo Cornflakes 200g R9.99 | Simba Chips 120g R 13.99 | Suiker 2.5 kg R 44.99 |
| Pasta 400g R9.99 | Melk 6x1lt R 79.99 | Wortels R7.99 |
| True Essentials Soap 100g R 4.99 | Jungle oats 1 kg R 29.99 | Chicken leg quarter & Chips & Kingsley 500ml R 45.00 |
| | Aartappels 10 kg R49.99 | |

- CAPITEC ATM - SASSA-KAART FASILITEITE BESKIKBAAR

# AfriForum neem formeel standpunt in teen naamsverandering van die Afrikaanse Taalmonument en -museum

AfriForum het op Saterdag, 28 Mei 2022, die openbare raadplegingsessie van die Afrikaanse Taalmonument en -museum se raad in die Paarl bygewoon. Die raad se voorsitter, adv. Jean Meiring, het by dié geleentheid skriftelike insette van die gehoor en algemene publiek gevra. AfriForum se kommentaar is dus op 31 Mei 2022 aan hom en die direkteur, Michael Jonas, gestuur. Dit lui:

Geagte adv. Meiring en mnr. Jonas

Hiermee soos versoek tydens die openbare raadplegingsessie van 28 Mei 2022 in die Paarl, AfriForum se inset oor minister Nathi Mthethwa se voorgestelde naamsverandering van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument.

Namens die 302 088 lede van AfriForum (ledetal soos vanoggend om 09:59) maak ons ten sterkste beswaar teen enige naamsverandering van die instelling.

Die huidige naam is akkuraat en ons vind geen element van polarisasie of eksklusiwiteit daarin, of in die huidige optrede van die instelling se bestuur nie. In teendeel, ons wil die raad en personeel komplimenteer vir die wyse waarop hulle verseker dat alle besoekers aan die museum, monument, webwerf en sosiale media welkom voel en ingesluit word.

'n Taal met die unieke geskiedenis van Afrikaans, met wortels in drie kontinente, van meet af moedertaalsprekers van alle rasse en die prestasie van hoëfunksiestatus wat in die twintigste eeu saam met slegs drie ander tale bereik is, verdien tog om gevier te word en te inspireer. Selfs uit die onverwagse hoek van Mahmood Mamdani is in 2017 tydens die TB Davie Gedenklesing by die Universiteit van Kaapstad erkenning aan dié uniekheid gegee. 'n Berig van *Daily Maverick* verklaar:

*African languages have remained "folkloric", Mamdani said: not the bearer of a scientific or scholarly tradition. But there is one noteworthy exception on the African continent: that of Afrikaans.*

*"It is no exaggeration to say that Afrikaans represents the most successful decolonising initiative on the African continent," Mamdani said, to murmurs of interest from the audience. He pointed out that it took just half a century of a "vast affirmative action programme" for Afrikaans to be lifted from the status of other African languages to be the bearer of an intellectual tradition. "The great irony is that [this success story] was not emulated by the government of independent South Africa," says Mamdani, with reference to other indigenous South African languages.*

Die langtermyn ideaal sal wees dat al ons inheemse tale ewe sterk ontwikkel, gebruik en waardeer sal word. Om dít egter te probeer bereik deur erkenning aan een taal te verwater, die simboliek van een gemeenskap se erkenning te ontken en die spesifieke fokus van 'n erfenisbaken prys te gee, is 'n daad van verdeling en disrespek. Die verwydering van die fokus op Afrikaans in die naam en die wese van die museum en monument sal niks anders wees as 'n daad van *damnatio memoriae* teenoor 'n gemeenskap nie. Optrede van hierdie aard het geen plek in ons tyd waar die bewaring van unieke erfenishulpbronne van alle kultuurgemeenskappe juis erken en gekoester word as 'n internasionale reg en verantwoordelikheid nie – sien byvoorbeeld uitsprake in dié verband tydens die Internasionale Strafhofsaak van 2016.

Verder spreek ons ons kommer uit oor voorgestelde wetgewing om van die instelling saam met ander 'n enkele vlagskipmuseum te maak. Die risiko is dat dit in 'n amorfe instelling kan versmelt wat fokus en spesialisasie verloor.

Die huidige ministeriële inmenging in die aard van die instelling skep die indruk dat hy dit as instrument wil gebruik waardeur die Afrikaanssprekende gemeenskap se aandeel aan die opbou van die land ontken kan word. Dit is in skrille kontras met die aanhef van die Suid-Afrikaanse Grondwet waarin ons juis verklaar:

*Ons, die mense van Suid-Afrika,*
*Erken die ongeregtighede van ons verlede;*
*Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;*
*Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en*
*Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.*

As oplossing vir die onnodige kontroversie, stel ons voor dat die Afrikaanssprekende gemeenskap se diverse verteenwoordigers saamkom, 'n alternatiewe bestuursmodel vir die Afrikaanse Taalmuseum en -monument saamstel en dat die minister dan sy reg gebruik om die eiendomsreg van die instelling af te staan aan so 'n volhoubare gemeenskapsgedrewe alternatief.

AfriForum sal graag 'n konstruktiewe rol speel in onderhandelinge van dié aard.

Op 18 Mei 2022 het AfriForum ook 'n vergadering met Mthethwa oor die aangeleentheid aangevra. Ontvangs van die skrywe is erken, maar geen verdere terugvoer is nog ontvang nie.



# IN&OM DIE HUIS:

## Hekel en Brei

**Wat het jy nodig?**

- 1 bal ELLE FAMILY KNIT CHUNKY (50 g) in Florida
- 1 bal CHUNKY-breidraad in bypassende kleur (vir mus met rif)
- 5,5 mm-naalde

**Afkortings**

- **aw** – aweregs
- **don** – draad om naald
- **r** – regs
- **r2tes** – regs 2 ste tesame
- **vlg** – volgende

**Mate**

4–7 (8–12) jaar

**Aanwysings**

**MUS MET RIF-RAND**

Met effe kleur stel 63(70) ste op.

Werk 2 rye in 1×1-rif. Knip draad af.

**3de ry:** heg A, r1, *don, r2tes, herh van * tot laaste 0(1) st, r0(1).

**4de ry:** aw.

Herh laaste 2 rye tot werk 12(14) cm lank is, eindig met VK-ry.

**Vlg ry:** (r5, r2tes) tot einde. 54(60) ste.

**Vlg en elke vlg alt ry:** aw.

**Vlg ry:** (r4, r2tes) tot einde. 45(50) ste.

**Vlg ry:** (r3, r2tes) tot einde. 36(40) ste.

**Vlg ry:** (r2, r2tes) tot einde. 27(30) ste.

**Vlg ry:** (r1, r2tes) tot einde. 18(20) ste.

**Vlg ry:** aw.

Gaan voort in 1×1-rif vir 4 rye. Knip draad af.

Heg effe kleur en werk 2 rye in 1×1-rif.

Heg af.

**MUS MET OMKRULRAND**

Stel 63(70) ste op en werk in ks tot werk 12(14) cm lank is.

**Vlg ry:** (r5, r2tes) tot einde. 54(60) ste.

**Vlg en elke vlg alt ry:** aw.

**Vlg ry:** (r4, r2tes) tot einde. 45(50) ste.

**Vlg ry:** (r3, r2tes) tot einde. 36(40) ste.

**Vlg ry:** (r2, r2tes) tot einde. 27(30) ste.

**Vlg ry:** (r1, r2tes) tot einde. 18(20) ste.

**Vlg ry:** aw.

Gaan voort in 1×1-rif vir 4 rye. Werk 2 rye in ks. Heg af.

**Om te voltooi**

Met regte kante op mekaar, werk naat agter toe.



Stand van Gamkadam: 99.45 % Op 14 Junie 2022

# Geldigheid van 'n huweliks-voorwaardekontrak

Die opstel en ondertekening van 'n huweliksvoorwaardekontrak moet versigtig benader word. Benewens die feit dat die inhoud feitelik korrek moet wees, moet al die nodige bepalings daarin vervat word om die kontrak geldig te maak. Indien daar versuim om 'n huweliksvoorwaardekontrak op te stel, mag dit lei daartoe dat 'n huwelik as binne gemeenskap van goedere beskou word, selfs al was dit nie die partye se bedoeling toe die kontrak gesluit was nie.

Prokureurs en Notarisse word vertrou met die opstelling van 'n huweliksvoorwaardeskontrak. Dit is 'n kontrak wat deur die betrokke partye onderteken word om die huweliksbedeling te reguleer. As 'n paartjie nie 'n huweliksvoorwaardeskontrak teken nie, sal die huweliksbedeling binne gemeenskap van goedere wees. 'n Huweliksvoorwaardeskontrak wys daarop dat die huweliksbedeling buite gemeenskap van goedere is. Die partye moet dus spesifiek stipuleer of hulle die aanwasbedeling op hul huwelik van toepassing wil hê al dan nie.

Die saak van *B v B*, soos in die Appèlhof voorgekom, bespreek die belang van die nodige bepalings in 'n huweliksvoorwaardeskontrak wat tot die sluit van 'n geldige kontrak lei. In hierdie geval was daar geen bepalings gestipuleer ten opsigte van enige van die bates wat in die huweliksvoorwaardeskontrak uiteengesit is nie. Die bates was ook behoorlik geïdentifiseer nie. In *B v B* het die hof gestel dat indien die bepalings van 'n kontrak so vaag en onsamehangend is, en dit onmoontlik is om 'n sinvolle konstruksie daarvan te maak, moet die kontrak as nietig beskou word as gevolg van vaagheid.

Ingevolge artikel 6(1) van die Wet op Huweliksgoedere kan 'n party tot 'n voorgenome huwelik, wat nie die waarde in die kontrak uiteensit vir die doel om 'n bewys te lewer van die bates van sy of haar boedel teen die tyd van die aanvang van die huwelik nie, dit binne ses maande van die sluiting van die huwelik in 'n verklaring bevestig met behulp van 'n notaris. Ingevolge artikel 6 (4) van die Wet op Huweliksgoedere word die netto waarde van die boedel van 'n gade as nul geag ten tye van die huwelik, indien die betrokke party nie die bewys betyds lewer nie. In effek is so 'n kontrak geldig, maar dit sal beteken dat 'n huwelik as binne gemeenskap van goederebeskou, aangesien daar niks van die oploping uitgesluit is nie.

As 'n kontrak egter teenstrydig en onsamehangend is in ander opsigte, kan dit nie as 'n geldige kontrak nie beskou word nie, aangesien daar geen sekerheid is oor die betekenis van die kontrak en wat die partye beoog om te bereik nie. Dit beteken dat die kontrak nie die Hof in staat stel om uitvoering te gee aan die bedoeling van die partye ten die tye van die sluiting van die kontrak nie.

Die gevolg van so 'n kontrak is dat die huweliksvoorwaardeskontrak nietig verklaar sal word as gevolg van onsamehangend-heid en dat die huweliks-bedeling ingevolge die Wet op Huweliksgoedere in gemeenskap van goedere sal wees.

Partye word dus aangemoedig om hul huwelikskontrakte deeglik te lees en seker te maak dat hulle die bepalings daarvan verstaan en dat die kontrak hul bedoelings uitbeeld, sonder enige verdere verduidelikings of bewyse.

# Word Waterwys

## Wenke vir jou huis:

• Spoel glase, eetgerei en groente in 'n opwasbak eerder as onder 'n lopende kraan af. Jy kan hierdie water weer vir potplante of in die tuin gebruik.

• Installeer 'n waterbesparings-toestel of sit 'n halwe plastiekbottel in die toilet se spoeltenk. Só kan jy tot 7 300 liter water per jaar bespaar.

• 'n Lekplek in jou toilet kan tot 30 liter water per uur mors. Kyk of jou toilet lek deur 'n paar druppels voedselkleursel in die watertenk te gooi. As die kleur in die toiletbak sypel, is daar 'n lekplek wat so gou as moontlik herstel moet word.

• Maak seker al die krane is behoorlik toegedraai. 'n Druppende kraan (1 druppel per sekonde) kan tot 30 liter water per dag mors. Dit is gelykstaande aan 10 000 liter per jaar!

• Vervang kraanwassers gereeld en sit lugspuite in krane om die vloei van water te beperk en te versprei. Dit bespaar water, maar dit voel of jy dieselfde hoeveelheid water gebruik.




Stellenbosch Municipality • Volg
7h ·

Our MMC for Finance, Councillor Peter Johnson, in his first #stellenboschbudget vote. At just 26 years old, Cllr Johnson is one of the youngest councillors and one of the youngest members of a Mayoral Committee in South Africa. Youth are not just the future – they are here now! 👏👏👏

**Peter Johnson, oud-Beaufort-Wester, is 'n Raadslid (DA) van die Stellenbosch Munisipaliteit. Peter dien ook op die Munisipaliteit se Burgemeesterskomitee met portefeulje: finansies. Op 26-jarige ouderdom is hy een van die jongste Raadslede asook Burgemeesterskomitee-lid in Suid-Afrika. Baie geluk Peter!**




## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATE

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days from date of publication hereof.

Estate No. **5283/2022**

Estate of the Late **ZONWABELE JULY JACOBS** of Identity number **6103285297087**, born on **28 March 1961** who resided at **5TH AVENUE, 6 HILLSIDE, BEAUFORT WEST** and who died on **5 December 2021**. The Deceased was married to **NONTLUPEKO MARIA JACOBS** of identity number **6611270519083** born on **27 November 1966**.

The Executor's authorised agent being **NDIVHUWO ELISABETH TSHISIMBA** of **TSHISIMBA INC** with address at **3RD FLOOR STEVEN HOUSE, BROOKLYN BRIDGE OFFICE PARK, 570 FEHRSEN STREET, PRETORIA**.

# Beaufort-Wes staan saam teen boelies






**Op Vrydag, 27 Mei 2022, is drie plaaslike primêre skole (Teske Gedenk Primêr, John D Crawford Primêr en Beaufort-Wes Primêr) besoek deur Sonet Adira Behr (Gladiator) wat die leerders kom toespreek het oor boelies in skole. Hierdie geleentheid is moontlik gemaak deur die plaaslike ATKV Kliprosie-tak. Die Gladiator televisieprogram sal eersdaags op SABC2 uitgesaai word.**



**Baie dankie aan Willem de Bruyn en sy helper wat op Woensdag 8 Junie 2022 15 sakke vullis in die rivier langs Goodrichstraat opgetel het. Intussen is daar meer as 500 EPWP-werkers wat ons dorp moet skoon hou.**



**Willem de Bruyn**




Die Courier se

**span**

Thompsonstr. 5
Posbus 64
Tel: 023 414-2615
E-pos:
diecourier@telkomsa.net

**Redakteur & kliëntediens**
Francois van Niekerk

**Advertensies, grafiese ontwerp & uitleg**
Anne-Marie van den Heever

**Algemene drukwerk & grafiese ontwerp**
Anne-Marie van den Heever

**Rekeninge**
Jenine Brönn
(023 414-2131)

Kontak Die Courier vir gratis kwotasies

Eien.: Courier Printing (Beaufort West)
CC Reg. Nr. CK 96/16039/23

SPERTYD vir elke week se nuus en advertensies: Dinsdae, 12:00




# Redaksioneel

Die jaar 1975 is deur die destydse apartheidsregering verklaar as 'n jaar om die tale in Suid-Afrika te vier, maar die fokus was slegs op Afrikaans. 14 Augustus 1975 is as 'n openbare vakansiedag verklaar om die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners 100 jaar tevore te gedenk en te herdenk.

Die Afrikaanse Taalmonument is op 10 Oktober 1975, wat destyds saamgeval het met die ou Krugerdag, ingewy. Vir Afrikaners was dit 'n groot gebeurtenis. John Vorster, eerste minister op daardie stadium, was die geleentheidspreker en het dit as 'n oorwinning vir Afrikaans gesien. Dit moet egter teen die agtergrond gesien word van Afrikaner-nasionalisme soos dit destyds gevier is.

Agtergestelde Afrikaanse gemeenskappe was by die geleentheid uitgesluit. Ironies genoeg is 'n gedig van Adam Small by die inwydingseremonie voorgelees, alhoewel hy nie teenwoordig of uitgenooi was nie, en daar was Afrikaanse skrywers wat die geleentheid geboikot het uit protes. Dit was byna asof die Taalmuseum in sonde gebore en ontvang was en nie deur almal aanvaar is nie.

Dit is dus duidelik dat die Afrikaanse Taalmonument nie alle Afrikaanssprekendes ingesluit het nie en dus 'n teken van eksklusiwiteit was – iets van verhewenheid van sommige bo die res wat nie geakkommodeer is weens die politieke bedeling van die tyd nie.

Die monument móés eenvoudig transformeer om as 'n baken van inklusiwiteit aanvaar te word. Dit moes alle Afrikaanssprekendes insluit om mee te identifiseer as deel van 'n gedeelde erfenis.

Vandag word dit egter deur almal aanvaar en word dit gesien as 'n baken van versoening, want die rol wat dit speel is om erkenning te gee aan die bydrae van almal tot die ontwikkeling van die taal.

Wat Nathi Mthethwa, die minister van sport en kultuur, doen deur die uitvaardiging van die edik dat die Taalmonument se naam moet verander, is absurd. Dit werk verdelend in en heg ons nie tot 'n nasie saam nie. Dit is duidelik dat hy nie die geskiedenis van Afrikaans, en nog minder die ontwikkeling van die taal, ken nie. Afrikaans het 'n bevrydingstaal geword en word so erken. Dit is jammer dat daar van regeringskant altyd met ideologiese doelwitte ingegryp word. Eintlik moet dit as mistasting beskryf word. Dit kan ook gesien word as 'n totale aanslag teen Afrikaans en alles waarvoor dit staan. Op hierdie wyse word die monument ook nou onder beleg geplaas. Die Minister se aksie word as verdelend gesien en dra nie by tot sosiale kohesie wat hy so baie predik nie.

Die leuse van Suid-Afrika is nie om dowe neute "Eenheid in verskeidenheid" nie. Dit dui daarop dat ons as Suid-Afrikaners mekaar moet aanvaar en ons verskeie kulture asook identiteite moet respekteer.

# Dit, dat en nog wat

## As hy jik…

Toe die dag op 26 Desember begin asem intrek om môre te sê, was Ma al klaar met ons padkos. Ons plan was om anderkant Douglas, by die samevloeiing van die Vaal en die Oranje, te gaan ontbyt eet.

Daar gekom loop ek myself in 'n morsige, afgebreekte oord vas. Ek neem 'n vinnige foto en kies teleurgesteld koers terug huis toe met die oumense. Terug by die huis skiet ek en Vrougoed gou mall toe om dieselfde rede as die vorige drie en 'n half dekades.

Na die gewone frustrasies by die mall besluit ek om my jaarlikse R200 te gaan dobbel dat ek net kan afkoel.

By die casino gekom staan ons so vyfde in die ry. Die Noordkaap-son is op "grill" gestel en na die dag se frustrasies het ek nie meer my sirkusonderbroek aan nie. Na 'n ewigheid van admin en onverstaanbare vrae agter maskers word ons uiteindelik ingelaat.

Ek gaan reguit na die toonbank waar die tydelike dobbelkaarte gekoop word. Die gemaskerde mompelaar haal later haar masker af en slaan eintlik oor na Afrikaans om my te laat verstaan dat hul nie meer tydelike dobbelkaarte verkoop nie. Sy stuur my terug na die toonbank reg by die ingang. Deesdae moet jy blykbaar 'n professionele dobbelaarskaart hê ,al druk jy net een noot per jaar in die masjien. Hulle wil tot jou ras weet so dit laat my dadelik wonder of die masjiene dan BEE-betalings doen.

Daar sit darem een gemaskerde dame agter die ontvangstoonbank. Net bokant die masker, reg langs haar neus, steek 'n parmantige vratbedryf wat aan 'n volgesuigde bloubosluis herinner uit. Haar duimnaels is pienk en die ander 'n skrille lemmetjiegroen.

Sy moet die aansoeke op die stelsel "capture," maar kan net twee letters op 'n keer onthou. Sy kyk op die vorm, dan tik sy twee "shots" op die sleutelbord en dan ondersoek sy eers die skerm vir foute. Na elke "capturing" begin iets anders van haar jeuk en krap sy dit eers behoorlik. Eers tussen die hare, toe volg die oor, later beide oë en toe die neus. Net toe ek dink dat al die jeukplekke darem seker nou gekrap is, verdwyn haar hand onder die lessenaar.

Ek gril my dood, maar my gedagtes hardloop tog terug na wat een of ander stoutgat in ons Landbouklas op 'n skoolbank geskryf het: As hy jik, krap hom!

***Johan Strydom***

## First ever music workshop took place in Beaufort West

Another Successful, Ziyawamo Music Workshop under the 2022 theme "Vuka Uzenzele-wake up and do it yourself" took place in Beaufort West on 2 and 3 June.

It was overwhelming to hear direct from the officials that this was the first time ever a Music Workshop was hosted in Beaufort West.

"First and foremost, we would like to thank our principal funders, Sampra Development Fund, together with other partners, Sheer Music Publishing, Gamka FM and Nana Coyote Productions.

The program was warmly hosted by Beaufort West Cllr Lulama Piti and Central Karoo District Speaker, Liezel Paulse, and our resident energy drink partner, Redbull.

It was amazing to have over 40 creatives in such a small town and all are active creatives who are equally talented as creatives from big cities, but all they need is support, mentorship and funding opportunities.




A lot was discussed, but key issues came out as we wrapped up the workshop:

- Gamka FM must at least broadcast 12 hrs (live presenters, not pre-recorded shows), with all the beautiful facilities it has the station broadcast live only two shows due to lack of funding.
- ZiyawamoArts has committed to donate recording studio equipment and set up a fully operational studio, which will be utilised for free by all creatives based in the town - 90 days deadline.
- ZiyawamoArts will set up a music business office where we will host regular music business workshops on a small scale and offer full support to creatives.
- A whatsapp group has already been set up under the name "BWProgressiveCreatives" and already it has over 60 creatives as some couldn't attend the workshop due to work commitments and the response is super positive.











VAN NIEKERK PROKUREURS
EIENDOMME

JENINE BRÖNN
023 414 2131

Posbus 6
Birdstraat 91
BEAUFORT-WES
6970
Tel: (023) 414 2131
Faks: (023) 414 2845
jeninebronn@telkomsa.net

**TE HUUR:**

2 Slaapkamer Meenthuis met oopplan kombuis / leefarea.
1 x Badkamer
Kamers en kombuis het ingeboude kaste
Enkel motorhuis en braaivertrek
Stap afstand vanaf skole en winkelsentrum.
R4500.00 per maand (Munisipale dienste, water en koopkrag uitgesluit).
Onmiddelik beskikbaar.

**TE HUUR:**

2 Slaapkamer Meenthuis met oopplan kombuis / leefarea.
1 x Badkamer
Kamers en kombuis het ingeboude kaste
Enkel motorhuis, buitebraai
Stap afstand vanaf skole en winkelsentrum.
R4700.00 per maand (Water en koopkrag uitgesluit).
Beskikbaar vanaf 1 Julie 2022.





PLEASE RECYCLE THESE ITEMS

PUT YOUR WASTE IN THE BIN!










## Groot verjaarsdae vir hulle vanjaar

Tiens Germeshuizen en sy vrou van die afgelope 70 jaar, Elaine, vier beide vanjaar groot verjaarsdae.

Tiens het verlede Saterdag 93 jaar oud geword en sy vrou vier haar 90ste op 2 November. Tiens is 'n boorling van Graaff-Reinet en het hier grootgeword en afgetree.

Volgens Gerrie Germeshuizen het sy pa onlangs Covid en dubbele longontsteking oorleef.

"Hy was vir baie jare 'n bekende begrafnisondernemer in Graaff-Reinet en het ook op die kerkraad van die "Grootkerk" gedien. Hy was eers diaken en later ouderling en toe leierouderling."

Volgens Germeshuizen het sy pa ook vir baie jare die kerk-klok elke Sondag gelui om die dorp bymekaar te roep vir die eredienste.

"Hy was ook destyds een van die stigterslede van Graaff-Reinet se reklamevereniging."

Sy ma het vir jare by Graaff-Reinet Advertiser gewerk.

"Sy het iets van als gedoen. Van berigte oor tik tot proeflees en boeke doen. Sy het daar gewerk toe die Knott-Craigs nog die koerant gehad het."

Volgens Germeshuizen, is sy pa en ma se gesondheid nog goed, maar sukkel hulle so af en toe met die oë, bene, rug en ore.

"Met die geheue en met die gees is daar niks verkeerd nie. Hulle is eintlik nog baie sterk. Dis maar net tipiese oumens dingetjies wat hulle so af en toe bekruip," vertel hy.

Hulle het twee kinders, Gerrie en sy suster Thelina Geater, vier kleinkinders en ses agter-kleinkinders.

Die egpaar woon tans by hul seun.



**Tiens Germeshuizen en sy vrou Elaine.**


PRINT AT GROUP (PTY) LTD
print@ Beaufort West






Whatsapp
Chat with us now!
073 139 8947
signsbw@printat.co.za
Tel : 023 007 0091 / 2
info@printat.co.za • www.printat.co.za
7 Colin Fraser Street • Beaufort West
WhatsApp us @ 081 816 0432

Voortrekkerstraat 4,
Beaufort Wes
karoonetwerk@isat.co.za

de Jagers
CELEBRATING 23 YEARS
Loodgieter Kontrakteurs

023 414 4353 • 083 2828 507/8 (n/u)

- Herstelwerk
- Nuwe installasies
- Gebarste pype
- Verstopte riole
- Besproeiing
- Galv. Geute

Verskaffers van:
* Koper
* Galv.
* PVC
* Nylon
* HDPE & UPVC
* Drukpompe
* Tru Osmose waterstelsels

* Geysers:
- Elektries
- Son

Bounywerheidsraad gekwalifiseerde Loodgieters vir
Gratis kwotasies
(binne dorpsgebied)

AIRPARK
BEAUFORT WEST
WE KNOW INTERNET

Wireless Internet | IT Hard & Software | Layer2 Services
On-Site Support | IP Cameras | Webdesign
Enterprise WIFI | Branch Interconnect | Cloud Services
Voice Over IP | Security Solutions | Turnkey Solutions

WAPA ICASA
Tel: 023 007 0023 - email: contact@airparkbw.co.za
71 Bird Street Beaufort West 6970 www.airparkbw.co.za

# Lewende Woord

## Jy moet jou kinders daarvan vertel

*Psalm 48:14*

Hier is 'n vers wat mens ontnugter: '...Ná hulle het daar 'n geslag mense gekom wat nie die Here geken het nie...' (Rigters 2:10). Hoe het dit gebeur? Hulle ouers het hulle nie van die Here vertel nie. Lees die volgende drie Skrifgedeeltes noukeurig en met gebed: 1) 'Kyk na die versterkte mure en bekyk al die vestings, sodat jy dit kan beskryf aan die geslagte ná jou. Want dié God is ons God vir altyd...' (Psalm 48:14-15). 2) 'verswyg ons nie vir ons kinders nie, maar vertel vir die volgende geslag van die roemryke dade van die Here, van sy krag en van sy wonderdade' (Psalm 78:4). 3) 'Geslag na geslag sal u dade prys en van u magtige werke vertel' (Psalm 145:4).

Jy sê: 'Ons het 'n beter regering en 'n beter skoolstelsel nodig.' Miskien, maar regerings en skole maak nie kinders groot nie, ouers doen. Jy is as ouer geroep om jou eie huis te regeer en jou kinders in die weë van die Here op te lei. Begin dus so gou as moontlik om jou kinders diep geestelike wortels te gee. Gaan hulle rebelleer? Moontlik; die Verlore Seun het uit 'n goeie huis gekom en hy het gerebelleer. Hy het egter teruggekom, omdat hy herinneringe en waardes gehad het om na terug te keer.

Toe hy die einde van sy lewe nader, het Josua die nasie se leiers bymekaar geroep en gesê: 'Julle het gesien wat die Here julle God alles ter wille van julle... gedoen het...' (Josua 23:3). Toe het hy vir hulle opdrag gegee om hulle kinders daarvan te vertel. Hulle het dit egter nie gedoen nie en hulle seuns en dogters het met ander nasies getrou en hulle sondige leefstyle aangeneem. Moenie toelaat dat dit met jou kinders gebeur nie.

# Grappies

Twee ooms ry vir die eerste keer trein. Hulle het uit die Kaap uit vertrek en is op pad na Beaufort-Wes. Net buite Worcester bestel hulle koffie en toe die een oom die eerste sluk vat is dit net toe die trein die tonnel deur die Hexrivier-berge binnegaan. Opeens is alles pikdonker in die kompartement. Baie bekommerd vra die oom wat die sluk koffie gevat het vir die ander een: "Ou neef, sê my, het jy al van jou koffie gedrink?"

"Nee," antwoord sy maat in die donker. "Jy moet ook nie, ou neef. Ek't nou net van myne gedrink en nou is ek stokblind."

*****

Vir al die mense wat nog kinders in die huis het. Hier is 'n oplossing vir die swak Rand en gepaardgaande styging in kospryse: As julle weer as 'n gesin saam braai, sê vir die kinders dis 'n bring en braai!

# Rod's Reflections



## My father

Why is it that one only comes to understand one's parents when one (a) becomes a parent oneself, or (b) outlives one's parents by so many years that any understanding of them becomes quite useless?

Here I am at 77, less than 3 years younger than my father when he died in 1971, two weeks before he would have turned 80, and I am only now discovering so much about my father that I simply never knew before. That is largely because my father never told us much about his upbringing and his early years before he met and married my mother in 1933, and it isn't up to children to dig around in their parents' lives, it's up to parents to do what they have to do and educate and enlighten their children as to who they were before you came along. That's part of our job as parents.

In recent months a relative living in Australia has been doing some in-depth research on the Baumeister family, in particular that of his father Oscar – my father's brother – but also branching out into my father's life, and he has been sending my sister and me scads of documents and photos detailing the lives of Oscar, Fred (my father) and Lily, the three Baumeister children of my paternal grandparents.

My father and his brother Oscar and his sister Lily were abandoned by both their parents when the three were still little, my father being only 5 at the time. The three were placed in an orphanage, though they were not orphans, named St Cross, in Pietermaritzburg. My father spent 7 years there before being shown the door at age 12. From that tender age he had to go out to find work and he carried on working till his 70s, mainly at laborers' jobs, including most of those years as a Carriage & Wagon Examiner, a grand title for a wheel-tapper, on the old SAR. I don't think he earned as much as R50 a month, ever. His last years were spent doing jobs as night watchman at the Perseverance Wool Pullery near Despatch and at a cold drink bottling company in PE.

If I learnt anything from my father it was the necessity for, and value of, hard work, and he would do whatever he had to do for his family to ensure there was a roof over our heads and food in our stomachs, and clothes on our backs, and an education to equip us for life.

If I learnt something else from my father it was honesty. I never knew him to cheat anyone out of a cent. Indeed, he would rather give more for less than have it thought that he was overcharging anyone, when he came to grow and sell vegetables from our backyard garden he cultivated and spent hours reaping harvests there.

If I learnt yet more from my father it was to value friendships. I well recall visitors coming around, some of them German-speakers, and as my father was fluent in German, they would all natter away happily and then, when it was time for them to leave, my father would urge them to stay longer, and would always accompany them out to their cars and keep talking there until they tore themselves away. This was also so with close relatives, such as my mother's sisters and their husbands.

If I learnt about handling money from my father, it was to do so with care and as an honest steward of what I have. I don't know if he ever gave money away (he never had any to give anyway), but he spent little or nothing on himself, wearing the same clothes year in and year out. I especially recall his old overalls; even the patches had patches on those old faded blue overalls.

I conducted his funeral in 1971. The family expected me to, so I did. I should not have. Someone not connected to the family should have done so. I was both too close and too distant from my dad for me to have done so with the needed sensitivity and understanding and compassion. It is a regret I have carried with me ever since. Perhaps there's a moral here: try to understand where your parents are coming from before you judge them too harshly; mostly they are just trying their best.

*Rod Baumeister*




# Beloved mother laid to rest

Boniswa Angelina Mbotya (76), a beloved resident, died on 16 May after a stroke. People from Gqeberha (PE), Rustenburg, East London, Cape Town, King William's town, George and Uitenhage flogged to Graaff-Reinet to pay their last respect at the Luzipho Congregational Church at Masizakhe.

She worked at the Drostdy Hotel and was a caring, soft-spoken and God-fearing person.

Her daughter Dr Muki Moeng, Executive Dean: Faculty of Education, Nelson Mandela University, did the tribute.

"I stand here today to speak about a struggle activist, a mother, a visionary leader par excellence, a unifier, a teacher and an administrator, these are just some of the attributes displayed by our mother.

"She was a disciplinarian and a loving mother. She would reinforce how to hold a pencil and slate at home while I was learning the alphabet."

Her grandchildren thanked her for being a wonderful grandmother.

Messages of support and condolences were received from extended families, friends and the Dean's colleagues.

Boniswa left behind her husband, Joseph Sipho "oom Jack" Mbotya, and her two daughters Lindiwe (Mhimhi) and Siphokazi (Muki) Moeng, grandchildren and great-grandchildren.

*Graaff Reinet Advertiser*



**Mother Boniswa Angelina Mbotya.**



**Boniswa Mbotya's casket taken to her grave. Photo's: Neco Bokwe**



# Die Courier Hoor

'n Afgetrede senior lektor in anatomie van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se mediese fakulteit wat 19 jaar 'n ereveldwagter was, is op Saterdag 4 Junie dood nadat hy in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park kopbeserings opgedoen het. Alké Gous (78) was 42 jaar aan die UV verbonde en het 'n groot liefde vir die natuur en die evolusie gehad. Hy is dood nadat hy 'n staproete geëvalueer en gegly en kopbeserings opgedoen het. Hy word deur sy vrou en dogter, twee susters, Sarina Mostert van Oudtshoorn en Riana Geldenhuys van Mosselbaai, asook 'n broer, Déan Gous van Beaufort-Wes, oorleef. Déan is die ondervoorsitter van die Karoo-streek-ereveldwagters in Beaufort-Wes.

*****

Plaaslike inwoner: "Ek het 'n vraag oor iets wat swaar op my hart lê en 'n seer oog is. D Mohammed of wat ook al die plek se naam is wat oopgemaak in die historiese eertydse Masonic Hotel op die hoek oorkant die stadshuis (museum). Hoe is dit dat daardie mense 'n deur op die hoek van die gebou kom inbreek? As dit nog mooi gedoen was sou dit seker nie so sleg gelyk het nie, maar die deur is morsig ingesit, die "welding" is morsig en van die geskryfde mure wil ek nie eers praat nie. Ek het niks teen daardie mense nie, maar daardie winkel pas regtig nie daar nie. Dit laat daardie hele hoek morsig lyk. Hoe kan die Munisipaliteit dit toelaat?

*****

Van der Aven is 23 Junie 2022 by Hoërskool Sentraal. Maak seker dat jy jou kaartjies betyds koop. R180 met ete ingesluit of R100 net vir die vertoning.

*****

Aangehoudendes kon onlangs nie vanaf die Mosselbaai Gevangenis na Beaufort-Wes gebring word nie omdat die buitebande van die polisievangwa so afgeloop was dat drade uitgesteek het!

*****

Smokkel en Smous is weer oop en hul boerewors en kaaswors is nog op dieselfde standard as voorheen!

*****

Sondag, 19 Junie 2022 om 12:00 bied Donkin House 'n Vadersdag-ete aan. Bespreek so gou moontlik! Kom geniet Vadersdag saam met ons by Donkin House en geniet die heerlikste spyskaart.

*****

Rod Baumeister se nuwe boek DOORS ARE NOT WALLS is beskikbaar by hom - bel 023 415 1171, of kom na Garciastraat 26 om een te koop. Die prys is R100 per boek waarvan R50 aan 'n behoeftige kind sal gaan. Die boek beloof om lekker leesgenot vir koue wintermaande te wees.

*****

Beaufort-Wes Marathon – 42.2km, 21.1km en 10km – word weer vanjaar aangebied deur die Beaufort-Wes Drawwersklub op Saterdag 30 Julie 2022. Sluitingsdatum vir inskrywings is
26 Julie om 23:59.

*****

*BookBedonnerd*, the annual Booktown Festival in Richmond, will honour an exceptional son of the Karoo, who celebrates his 90th birthday this year. He is the formidable Athol Fugard, who is considered to be the greatest living playwright and he comes from Nieu Bethesda. The event is scheduled to take place from October 26 to 29 and say organisers: "There will, of course, be some writers presenting their books and the South African Independent Publishers Awards Programme and Gala Banquet will also take place as usual, but the focus will be on theatre and entertainment. To this end we have enlisted the support of the Johannesburg Market Theatre, Cape Town Baxter Theatre, and some key role players of the old Fugard Theatre, which sadly has closed. There will a great local community." Early birds can enjoy a day of *Richmond Filums* in the old library on Wednesday.



# Die Courier
## 50 jaar gelede

**Op Vrydag 16 Junie 1972 word daar as volg in *Die Courier* berig:**

Die Jaarblad (Verba) van Hoërskool Sentraal wat pas verskyn het is eenvoudig 'n moet vir alle leerlinge, oud-leerlinge en kortom, almal wat belang het of belangstel in Beaufort-Wes en sy bedrywighede. Dit is die eerste Verba wat sedert 1968 verskyn. Hierdie jaarblad word deur Die Courier gedruk.

Die nuwe Bloutrein is werklik 'n tien ster hotel op wiele. Beaufort-Westers het Maandagmiddag die geleentheid gehad om die S.A. Spoorweë se nuwe prestige trein van nader te beskou en werklik ook tee te geniet in die pragtige eetwa wat sitplek bied vir 46 mense. Al die rytuie het deurgaans volvloertapyte, hortjieblindings word elektries beheer, die glas van die vensters is hitteweerkaatsend en getint om die lig te demp. Elke kompartement het drie krane vir warm water, koue water en yskoue water. Passasiers in elke kompartement kan die lugreëling na eie smaak reguleer en ook op agtergrondmusiek en die S.A.U.K. se nuusdienste inskakel.

Christa, oudste dogter van mnr. en mev. Piet Smit van Brandstraat en Christo, enigste seun van mnr. en mev. Awie Wright, ook van Brandstraat, is verlede Saterdagmiddag in die N.G. Kerk Gamka-Oos in die huwelik bevestig deur Ds. M.J. Kritzinger. Na die voltrekking van die huwelik is die egpaar in die kerk toegesing deur mev. Mollie le Roux. Christa is bygestaan deur Alta Joubert as strooimeisie, Amanda Bothma as blommemeisie en Daphne le Roux en Elisma Smit as konfettimeisies. Christo en sy strooijonker, Heinrich Smit, was baie deftig geklee in swaelstert manelpakke met pluiskeile. Die onthaal vir die sowat 200 gaste is gehou in 'n plaaslike hotel by wyse van 'n volle dinee. Mnr. Magnus Grant het as seremoniemeester opgetree.

Die volgende persone is verlede Vrydag op die algemene jaarvergadering van die Beaufort-Wes Landbou Ko-operasie verkies tot direkteure vir termyne wat wissel tussen drie en een jaar:


THE COURIER
GOOD NEWS FOR FAMERS!
GOEIE NUUS VIR BOERE!
BUITEBANDE!
STOP PRESS
BEAUFORT BANDEBOUERS
1400 Kleurskemas!
VERDIENS

Mnre. Ronald Jackson, Piet Mocke (Merweville), Toks Pienaar en Wynand Vivier (Leeu Gamka).

Die 1972 Ford Cortina bakkie is nou in voorraad by Karroo Trading Co. teen slegs R1620.00. (R33.00 ekstra vir 'n verwarmer)

C.P. van der Merwe wat vanjaar sy S.W.D. kleure in rugby verwerf het, behaal Saterdag die onderskeiding om vir 100 agtereenvolgende wedstryde vir Beaufort-Wes uit te draf. C.P. is 'n harde en fikse flankvoorspeler wat vanjaar seker die beste rugby van sy loopbaan speel.

***Ons dank aan die Beaufort-Wes Museum vir toegang tot ou uitgawes van Die Courier***

# Handige wenke

**SONSLIM WENKE**

Gebruik gereeld sonskerm middel.

Klere beskerm jou vel, nek, arms, romp en bene.

Dra 'n hoed wat jou gesig en nek beskerm

Bly in die skaduwee

Vermy regstreekse blootstelling aan die son tussen soggens 10:00 en smiddae 15:00

Moenie babas jonger as 1 jaar direk aan die sonlig blootstel nie.

Sonskerm middel SPF 15 vir lyf en SPF 30+ vir die gesig.










**PUT YOUR WASTE IN THE BIN!**

ACVV
HESPEROS

**VAKATURE: ACVV HESPEROS:**
**ASSISTENT FINANSIëLE BEAMPTE**

Vereistes:
Graad 12 en/of naskoolse kwalifikasie(finansies)
Rekenaarvaardig
Kennis van Pastel is 'n vereiste
Moet onder druk kan werk

Sluitingsdatum: 28 Junie 2022
Diensaanvaarding: 1 Julie 2022

Epos CV na acvv5hesperos@beaufortwest.net

**SENTRAAL KAROO DAGBOEK JUNIE 2022**

19 Junie: Vadersdag ete te Donkin House

*****
Teri-Lemveli:
22 Junie 2022 – Jan Blohm

*****
23 Junie: Van der Aven by Hoërskool Sentraal

*****
24 - 26 Junie: Karoo Winter Wool Festival to be held in Middelburg

**Be wise, sanitise**

**Dr Liezl Stockigt**
Algemene Praktisyn
Tel: 023 415 2663

**Junie 2022**
**Onderhewig aan verandering**

Voortrekkerstraat 33
Beaufort-Wes
6970

13 - 17 Junie: Normale ure 08:00 - 17:00
16 Junie Donderdag Vakansiedag: 09:00-11:00
18 Junie Saterdag: 08:00 - 10:00
19 Junie Sondag: 09:00 - 10:00

COURIER
Geklassifiseerde advertensies / Classified adverts
*****

R60 vir die eerste 20 woorde - daarna 40c per woord Kontant vooruitbetaalbaar. BTW uitgesluit (maks. 50 woorde)

R60 for the first 20 words - thereafter 40c per word. Cash paid in advance. Vat excluded (max. 50 words)

## Dié 7 versekeringsboksies slaan verbruikers gereëld oor

Brande, vloede, haelskade, rowe, huisbrake, kapings en onluste is slegs 'n paar van die risiko's wat Suid-Afrikaners verlede jaar moes trotseer. 'n Proaktiewe benadering tot risiko en deeglike beplanning kan 2022 verbruikers se jaar van volkome gemoedsrus maak.

“'Dit sal nie met my gebeur nie' is een van die grootste foute wat mense maak, en dis dikwels juis wanneer jy net gou daai kans vat, net gou iets oorslaan of net gou 'n besluit neem sonder genoegsame inligting dat die noodlot jou tref,” sê Ricardo Coetzee, woordvoerder van Virseker. “Die goeie nuus is dat jy - deur net 'n bietjie tyd opsy te sit, jou versekering in detail na te gaan en goed te beplan vir die jaar wat voorlê - hierdie risiko's tot 'n minimum kan beperk.”

Virseker lig die volgende punte uit wat verbruikers soms geneig is om oor te slaan:

- **Versekerde waarde teenoor vervangingswaarde:** Maak dubbel seker dat die *versekerde waarde* – die bedrag waarteen jou besittings verseker is - in lyn is met die *vervangingswaarde* - oftewel die bedrag wat dit jou sou kos om dit teen vandag se pryse te vervang.

- **Die verskil tussen huisinhoud- en draagbare goedere-versekering:** *Huisinhoudversekering* dek alles wat sou uitval indien jy jou huis, motorhuis en buitegeboue se dakke sou afhaal en hulle sou omkeer: jou meubels, huishoudelike elektroniese ware, ornamente. Alles wat binne die huis is wat nie gereëld elders geneem word nie.

*Draagbare goedere-versekering*, daarinteen, dek die dinge wat jy gereëld saam met jou neem, soos jou selfoon, skootrekenaar, tabletrekenaar, kamera, handsak, horlosie en juwele.

- **Geboue-eienaar, huurder en regspersoon:** Maak seker dat jy, in enige van hierdie rolle, jou versekeringsverpligtinge nakom, dat jy voldoende verseker is, maar geen onnodige of oorvleulende items op jou polis het nie.

- **Maak seker dat jy SASRIA-dekking het:** SASRIA, wat staan vir 'The South African Special Risks Insurance Association', is 'n entiteit wat deur die Staat besit word. Dit bied dekking vir verlies of skade aan versekerde eiendom as 'n direkte resultaat van burgerlike onrus, insluitend oproere, stakings en publieke wanorde.

*By Virseker word SASRIA-dekking byvoorbeeld outomaties by jou voertuigpolis ingesluit, mits jou voertuig op die oomblik gefinansier is en jy ons daarvan in kennis stel tydens die onderskrywingsfase van jou polis. Nadat die voertuig afbetaal is, sal jou Sasria dekking voortgaan vir so lank as wat jou versekeringspolis in plek bly.*

*Dis egter baie belangrik om met jou versekeraar in kontak te tree en dubbel seker te maak dat SASRIA-dekking by jou premie ingesluit is. Indien jou voertuig nie gefinansier is wanneer jy die polis uitneem nie, is Sasria dekking opsioneel en sal dit nie outomaties ingesluit word nie.*

*Dieselfde geld vir wanneer jy jou huis of huisinhoud verseker – SASRIA-dekking is opsioneel, so maak eerder een honderd persent seker.*

- **Bepalings en byvoordele:** Gaan jou versekeringspolis na vir enige byvoordele wat gratis of teen 'n nominale bedrag aan jou gebied word, soos padbystand, wegsleepdienste, huisbystand (vir dienste soos loodgieters, elektrisiëns, vensterpassers en slotsplyers), sowel as mediese-, regs- en traumabystand en maak daarvan gebruik.

Maak ook seker dat jy kennis dra van jou spesifieke dekking, bepalings en voorwaardes.

- **Maak seker dat jou besonderhede akkuraat en op datum is:** Dinge soos jou inventaris / lys van versekerde items, die adres waar jou voertuig snags staan, die gereëlde bestuurder van jou voertuig en sekuriteitsmaatreëls wat in plek is, is uiters belangrik om met jou versekeraar te deel en gereëld op te dateer. Dit kan jou ook dalk net 'n gesonde bedrag geld op jou premie spaar.

- **Pasgemaakte versekering:** Vra jou versekeraar hoe hul aanbieding aangepas kan word by jou behoeftes en begroting. Jy mag dalk elke sent moet omdraai en vir NOU net die mees basiese versekering vir jou voertuig en huisinhoud benodig. Dalk het jy die behoefte aan meer omvattende versekering vir jou huis, motor en besittings, tesame met ekstra produkte soos 'n persoonlike ongeluksplan, regsbystand en 'n begrafnisplan. Dalk is jy die eienaar van 'n onderneming, wat beteken dat besigheids-versekering moontlik 'n beter stel oplossings vir jou bied.

“Om jou huiswerk deeglik te doen en goed te beplan wanneer dit by versekering kom, kan nie alleen jou risko beperk en vir jou 'n paar rand terug in jou sak besorg nie, maar stel jou ook in staat om 2022 met gemoedsrus aan te pak,” sluit Coetzee af.

Be wise, sanitise

**Verblyfreg te koop**

ACVV Hesperos
Bokmakierielaan 5
Beaufort-Wes

Een(1) slaapkamer met en-suite badkamer, oopplan kombuis/eetkamer, sitkamer en afdak

Tenders word ingewag en sluit op 8 Julie 2022

Enige navrae kontak Me Annatjie de Klerk by ACVV Hesperos gedurende kantoorure by 023-4143465



# Fashionable Karoo

From about 1870 consumptives from across Britain and Europe began streaming to the Karoo in the hopes that the clean, dry air and high altitudes of dryland would cure them. Dr E. Symes-Thompson, a Fellow of the Royal College of Physicians, said that, in his opinion, Aliwal was an excellent area, Cradock was another good place and Tarkastad, midway between there and Queenstown, was viewed as “superior”. People also went to Beaufort West, Burghersdorp, Ceres, Hanover, Grahamstown, Graaff-Reinet. Nelspoort, and Matjiesfontein, but once they arrived most found they still faced a long trek and with few travel options. Local hoteliers and sanatorium owners promoted inland trips saying the journeys would be beneficial as passengers would be able to enjoy clean fresh air along the route. However, in reality, such journeys involved camping in the sweltering heat, with very little shade, or in cold and rain. Two types of private cart costing about 40 shillings a day were available. The “American” or the Cape carts, high, two-wheeled sprung vehicles commonly used throughout South Africa and the “rough and ready” mail carts. In fine weather, and roads good a Cape cart could be quite comfortable, but in bad weather they regularly capsized or got stuck in the mud. Mail carts, were sturdy, slow and cheap, costing six pennies a mile, but had no provision for the frail or invalids. Then there was the very slow ox wagon, with speeds of between 10 or 12 miles a day, it took about three weeks from the coast. Once the railway network became operational things improved as most towns were on the rail says Valerie Anne Zangel in her thesis *Pulmonary Tuberculosis in Cape Town and the Karoo.*

Healthy and no epidemics

When the first trickle of consumptives started to arrive in Cradock in 1871, it was a small town with healthy residents and no epidemics. Within a year that changed. William Clemence, arrived in 1872 in the hopes that “the air of Cradock would have a beneficial effect upon his constitution”. He took up residence in the Victoria Hotel and while playing billiards one evening his mouth began to bleed. He went to his room and asked a servant to call the doctor. However, by the time he arrived, Clemence was dead. This demonstrates that a consumptive could show few signs of poor health and yet be at death's door. The example of Edwin Bull was different. He also arrived in 1872 and headed for Cradock where he lived for 18 months, taking a very active interest in the affairs of the town. At times he was well, but at others worse. At the time the only accommodation was at the Victoria Hotel, but it was expensive. Nevertheless, it was invariably full because it was popular among consumptives and general travellers. On occasions guests were asked to share a room, but such requests were was not always well received. By 1880 a new “first-class hotel and club house' was built opposite the Victoria.

Too late for help

In Beaufort West the field cornet arrived in 1881,travelled on a train carrying several people in search of better health. In town he met many more. Almost all told him they had come on the advice of their medical practitioners in England and Scotland, because the climate was ”perfect” and that they would certainly recover. He, like many other locals, was not familiar with the disease. One young man was told that his recovery was certain if he stayed in Beaufort West for three months. The field cornet invited the man to dinner, but on the appointed day night he responded to a knock only to find the young man hemorrhaging on his doorstep. His story underlined the unrealistic expectations given to consumptives by overseas medical practitioners. Reverend Guy Gething of Beaufort West's Christ Church also had tales like these to tell. In his death register he recorded that Beaufort West's extremely high death rate could be attributed to consumptives who had left it too late to seek treatment.

Accommodation sprang up

By 1878 Cradock residents began to recognise the value of providing accommodation for consumptives. A Mrs Jackson and her son purchased a large house and set it up as a boarding house for gentlemen. N C Wolter also opened a boarding house and two enterprising nurses set up private nursing home. Another facility, run by the partnership of Fitchett and McKenie, provided boarding facilities for consumptives for 25 years, from 1881 until it finally closed its doors on September 26, 1906. Soon there was a demand for accommodation on farms and, as this grew, some farmers applied for liquor licenses. Sanatoriums sprang up Highlands, Dunedin and Lemoenfontein, outside Beaufort West. Maurice Hall opened a sanatorium on his farm, The Willows. Private homes took in boarders, but standards varied. A number of establishments referred to themselves as 'sanatoria', but, in reality, they were nothing more than hotels or guest houses. Few provided medical care. For the majority the climate was the drawcard, and the reason that they were prepared to accept living conditions which were less than ideal.

“I wear my mask to protect you. You wear your mask to protect me.”
—DR. JAY C. BUTLER, CDC

BEAUFORT – WES(T) PRIMÊR PRIMARY
Pastoriestraat 1A, Hillside, Beaufort-Wes, 6970. Posbus 328.
Tel. : 023 - 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
1A Pastorie Street, Hillside, Beaufort West, 6970. P.O Box 328.
Tel. : 023 – 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
PRINSIPAAL : Mnr. A. Amsterdam

**VAKANTE POS: Intermediêre Fase**
WKOD kontrakpos beskikbaar vanaf 1 Julie 2022 tot 31 Desember 2022

**Vereistes:**
- Geskikte kwalifikasies vir die onderrig van die volgende:
  1.Wiskunde (Graad 5)
  2.Natuurwetenskap & Tegnologie (Graad 5)
- SACE geregistreerd
- KABV opleiding
- Rekenaarvaardig
- Goeie klaskamerbestuur
- Handhawing van dissipline binne klaskamer
- Effektiewe onderrig en kommunikasie vaardighede in beide Engels & Afrikaans
- Betroubaar met sober gewoontes.
- Goeie gesondheid
- Geen kriminele rekord (SAPD klaring sal gedoen word)

**Rig u aansoek met die volgende**
- Aansoekbrief
- Voltooide Z83 vorm
- CV met ten minste 2 kontakbare verwysings van vorige werkgewers
- Gesertifiseerde ID afskrif
- Gesertifiseerde afdrukke van kwalifikasies en uitslae
- 2 Getuigskrifte waarvan 1 nie ouer as 'n jaar moet wees
- SARS registrasie

Lewer per handpos af by die skool of per epos by bwesprim@gmail.com
Sluitingsdatum: **22 Junie 2022 om 14:00**

Onderhoude sal slegs met gekortlyste kandidate gevoer word op **24 Junie 2022**.

BEAUFORT – WES(T) PRIMÊR PRIMARY
Pastoriestraat 1A, Hillside, Beaufort-Wes, 6970. Posbus 328.
Tel. : 023 - 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
1A Pastorie Street, Hillside, Beaufort West, 6970. P.O Box 328.
Tel. : 023 – 414 4226, E-pos: bwesprim@gmail.com
PRINSIPAAL : Mnr. A. Amsterdam

**VAKANTE POS: Intermediêre Fase**
WKOD kontrakpos beskikbaar vanaf 1 Julie 2022 tot 31 Desember 2022

**Vereistes:**
- Geskikte kwalifikasies vir die onderrig van die volgende:
  1. Lewensvaardigheid (Graad 6)
  2. Natuurwetenskap (Graad 7)
  3. Tegnologie (Graad 7)
- SACE geregistreerd
- KABV opleiding
- Rekenaarvaardig
- Goeie klaskamerbestuur
- Handhawing van dissipline binne klaskamer
- Effektiewe onderrig en kommunikasie vaardighede in beide Engels & Afrikaans
- Betroubaar met sober gewoontes.
- Goeie gesondheid
- Geen kriminele rekord (SAPD klaring sal gedoen word)

**Rig u aansoek met die volgende**
- Aansoekbrief
- Voltooide Z83 vorm
- CV met ten minste 2 kontakbare verwysings van vorige werkgewers
- Gesertifiseerde ID afskrif
- Gesertifiseerde afdrukke van kwalifikasies en uitslae
- 2 Getuigskrifte waarvan 1 nie ouer as 'n jaar moet wees
- SARS registrasie

Lewer per handpos af by die skool of per epos by bwesprim@gmail.com
Sluitingsdatum: **22 Junie 2022 om 14:00**

Onderhoude sal slegs met gekortlyste kandidate gevoer word op **24 Junie 2022**.

# Vlakkiekrieket in Oudtshoorn – Hungy Lions brul hard!

Die Hungry Lions-vlakkiekrieketspan het Oudtshoorn se naam verlede naweek hoog gehou toe hulle die besoekende Robertson Sunrisers in 'n taai stryd met vyf paaltjies in Die Kuil (die veldjie agter die Toekomsrus kliniek in Oudtshoorn) in 'n T20 wedstryd geklop het.

Die wedstryd is regstreeks deur EDEN FM uitgesaai en is deur Sport Buddy Charity aangebied.

Hungry Lions is tans ook die huidige Oudstshoorn Big Bash liga-kampioene, sowel as die munisipale Paasnaweek kampioene.

Daarenteen is Robertson Sunrisers ook hulle eie dorp se vlakkiekrieket kampioene.

Ricardo 'Kallah' Peterson van die Lions was sy span se groot held met 'n onoorwonne vyftigtal.












# Be Wise, Sanitize



9 772075 587007
DIE COURIER
SPORT
17 Junie 2022



Baie geluk aan Charl Swartz van Niko Brummer Primêr wat na verlede naweek se finale S.W.D.-rugbyproewe in Worcester in die S.W.D. o.13-Akademiespan opgeneem is.

# Niko Brummer sportnuus

Op 31 Mei het die o.11 en o.13-rugbyspanne van Niko Brummer Primêr teen **Union High** van Graaff-Reinet gespeel. Die uitslae was as volg:

Niko Brummer o.11 verloor 17-27
Niko Brummer o.13 verloor 43-22

Op 1 Junie speel die rugby-en netbalspanne van Niko Brummer teen **Restvale Primêr** van Nelspoort. Die uitslae was as volg:

**Netbal**
NB o.11 A wen 8 – 2
NB o.12 A speel 4 elk gelyklop
NB o.13 B speel 4 elk gelykop

**Rugby**
NB o.11 wen 45 - 5

Op 4 Junie vind Niko Brummer se sportdag plaas en verskeie rugby-en netbalwedstryde word gespeel.

**Netbal**
NB o.11 A wen 4 – 2 teen Laer Volkskool (Graaff-Reinet)
NB o.11 A wen 11 – 1 teen Vuurvliegie Akademie
NB o.12 A verloor 3 – 5 teen Volkskool o.13 B
NB o.12 A wen 8 -1 teen Vuurvliegie Akademie o.13 B
NB o.13 B wen 9 – 2 teen Vuurvliegie Akademie
NB o.13 B verloor 0 – 9 teen volkskool
NB o.13 A wen 13 – 4 teen Volkskool

**Rugby**
NB o.11 B verloor 30 – 20 teen Laer Volkskool
NB o.11 A wen 15 – 5 teen Vuurvliegies Akademie
NB o.11 A verloor 0 – 30 teen Laer Volkskool
NB o.13 A wen 31 – 0 teen Van Reede (Oudtshoorn)
NB o.13 A verloor 0 – 5 teen Laer Volkskool



## 'Die Miere' se o.12 sokkerspan weer Sentraal Karoo kampioene

Op Saterdag, 27 Mei 2022, het die 'Miere' van Restvale Primêr op Nelspoort as oorwinnaars uit die stryd getree.

Daar was nagenoeg elf primêre skole se sokkerspanne wat om die titel as beste o.12-span meegeding het.

Die toernooi wat as die Ratty Rathenam sokkertoernooi bekend staan, is deur die Sentraal Karoo Primêre Skole Sokker-unie gereël. Mnr. L.Rathenam is al 44 jaar betrokke by skolesport en hy tree einde Junie uit die onderwys.

Mnr. Rathenam is nie net skoolhoof van Restvale Primêr nie, maar hy is ook 'n gekwalifiseerde sokker-afrigter, skeidsregter en administrateur in kursusse wat deur SAFA gereël is.

Verder is hy ook 'n gekwalifiseerde tennis-, rugby- en krieket-afrigter op primêre skool vlak. Mnr. Rathenam het USSASSA in 57 wedstryde as skeidsregter tydens sokkertoernooie verteenwoordig, twee keer daarvan in 'n finaal. Verder was hy ook 'n doelskieter van formaat vir Santos, Nelspoort se senior span.

Mnr. Rathenam borg die afgelope 11 jaar al die o.12 -toernooi se medaljes en trofees.

Die "Miere" was onoorwonne tydens die pas-afgelope toernooi. Hul opponent in die finaal was AH Barnard Primêr. Dit was strafskoppe wat nodig was om die wenner te bepaal.

Die span van Restvale het uiteindelik met vyf strafskoppe teenoor die vier van AH Barnard geseëvier. Silvino Hendriks (10) van die "Miere" is aangewys as die beste speler van die toernooi. Die meerderheid van die wenspan se spelers is maar 10 en 11 jaar oud, wat natuurlik niks goeds vir die spanne in 2023 se toernooi voorspel nie.














NETBAL: Baie geluk aan Geo Meyer en Anelisa Hans van Hoërskool Sentraal wat ingesluit is by die o.14 Wes-Kaapspan. Hulle gaan deelneem aan die All Ages National Schools Netball Tournament wat vanaf 25 tot 30 Junie in Boksburg, Gauteng, plaasvind. Daar sal ook 'n oefenkamp in Moorreesburg wees vanaf 15 tot 18 Junie. Trots op julle!